



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**GESKIEDENIS V2**

**MODEL 2013**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye.**

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE****VRAAG 1: HOE HET DIE VRYHEIDSMANIFES 'N GEVOEL VAN NASIESKAP ONDER ALLE SUID-AFRIKANERS AANGEMOEDIG?**

1.1

1.1.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A - L 1]*

- Grond
- Onderwys
- Vryheid
- Voedsel (geïmpliseer deur 'hongersnood')
- Minder belasting (geïmpliseer deur 'laat ons praat oor belasting')
- Vryheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 6 x 1) (6)

1.1.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1A - L 2]*

- Swartmense het nie toegang tot die meerderheid van Suid-Afrika se grond gehad nie, soos aangedui deur die frase 'die dun strokies waarop ons swoeg'.
- Swartes het nie grond besit nie, soos aangedui deur die frase 'laat ons praat oor broers sonder grond'.
- Beeste het grond nodig om op te wei
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1A - L 2]*

- Mynwerkers het nie die myne besit nie – hulle het as loonslawe gewerk (verw na 'vryheid').
- Mynwerkers het in donker skagte gewerk – onveilige werktoestande
- Mynwerkers het in koue mynkampe gewerk – ver van hul families af
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Neem van bewyse uit Bron 1B - L 1]*

- Stemreg vir almal
- Beter huise
- Vryheid van spraak
- Gelyke werk vir gelyke betaling
- Beter onderwys
- Afskaffing van passe
- Gekant teen onregverdige wette
- 'n Einde aan geforseerde verwyderings (enige 3 x 1) (3)

1.2.2 *[Interpreteer inligting uit Bron 1B - L 2]*

- Gelukkig om hul eise te vertoon – kan sien hoe hulle sing
- Verbind tot hul eise – sing, maar met ernstige gesigte
- Dring aan op eise – soos gesien kan word aan mense met ernstige gesigte en plakgate wat vasgehou word.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Assesseeer bruikbaarheid van Bron 1B - L 3]*

- Dit is bruikbaar omdat dit duidelik toon wat die mense se eise was (soos op die plakkaat aangedui)
- Dit is bruikbaar omdat ons kan sien watter soort mense aan die afvaardiging deelgeneem het (mans, vroue en kinders)
- Dit is bruikbaar omdat dit ons 'n gevoel van die emosies gedurende die optog gee (uitdrukkings op die gesigte)
- Dit is bruikbaar omdat ons die rol van die ANC kan sien (vlag in die middel, betogers wys die 'thumbs up'-teken van die ANC) by Kliptown
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

## 1.3

1.3.1 *[Neem bewyse uit Bron 1C - L 1]*

- (a) Die Grond Sal Gedeel Word Deur Dié Wat Dit Bewerk
- (b) Die Mense Die Land Se Rykdom Deel
- (c) Die Deure Van Onderwys En Kultuur Sal Oopgemaak Word
- (a) (d) Daar Sal Huise, Sekuriteit en Gemak Wees (4 x 1) (4)

1.3.2 *[[Interpretasie van inligting van Bron 1C - V 2]*

- Klousule 1: Die Mense sal regeer omdat dit gekant was teen die beleid van rassese segregasie en wit minderheidsregering
- Klousule 3: Die mense sal in die land se rykdom deel omdat hulle aangedring het op die nasionalisering van myne, banke en industriële monopolieë wat teenstrydig met die kapitalistiese ideologieë is.
- Klousule 4: Die grond sal gedeel word deur diegene wat dit bewerk. Die klousule dring aan op die herverdeling van grond wat beteken dat blankes 87% van hul grond eienaarskap sal verloor.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (4)

1.3.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1C - V 2]*

## STEM SAAM

- Goeie onderwys was slegs vir Blankes beskikbaar, en nie vir Swartes nie.
- Swartes is van geleenthede weerhou deur die minderwaardige onderwysstelsel
- Met die vlakke van armoede in die land kon sommige ouers nie hul kinder skool toe stuur nie
- Dit sou ongeletterdheid in die land uitwis
- Enige ander relevante antwoord

## STEM NIE SAAM NIE

- Vir sekere Blankes, sou Swartes houtkapper en waterdraers bly, en dus was dit nie nodig dat hulle hoogs geletterd was nie.
- Dit sou nie goed wees vir die kapitalistiese ideologie wat op ongeskoolde goedkoop arbeid floreer het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

## 1.4

1.4.1 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1C - V 2]*

- Hulle was gekant teen Klousule 1, wat aandui dat Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin woon en nie net aan Swartmense nie
- Hulle was gekant teen die aanwesigheid en invloed van wit lede van die Kommunistiese party in die ANC
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1C - V 2]*

- Om te wys hoe die Afrikaniste binne die ANC gereageer het op die klousules van die Vryheidsmanifes
- Om die onmiddellike gevolge van die aanvaarding van die Vryheidsmanifes te wys
- Om die stigting van die PAC aan te wys
- Om die verdeling van die gees van Afrika-nasionalisme te wys
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

1.4.3 *[Interpret information from Source 1C - L 2]*

- Die foto toon lede van die ANC wat Afrikaniste genoem is, wat uit die ANC-vergadering by die Orlandsaal verwyder is en wat later die PAC gestig het.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5 *[Vergelyking van inligting uit Bron 1C en 1D - V2]*

- Die PAC sou gekant wees teen sekere klousules wat in Bron 1C gegee word, byvoorbeeld 'Die mense sal regeer'. Hierdie mense was Afrikaniste.
- Bron 1D beeld Afrikaniste uit wat uit die vergadering van die ANC verwyder word. (2 x 2) (4)

1.6 *[Interpreteer, analiseer en evalueer van inligting uit Bron 1A, 1B en 1C – V 3]*

Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:

- Dit is 'n alliansie genoem wat Blankes, Indiërs en Kleurlinge in Suid-Afrika verteenwoordig het.
- Dit het mense van verskillende rassegroepe bymekaar gebring teen die Wit minderheidsregering wat menseregte vir hulself toegeëien het.
- Dit het bydraes van alle Suid-Afrikaners, ongeag hul sosio-ekonomiese en politieke status, verwelkom.
- Die eerste klousule sê dat Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin woon.
- Dit vra vir respek vir die menseregte van die mense van Suid-Afrika
- Ongeveer 3 000 mense van verskillende rassegroepe het in Kliptown (1955) bymekaargekom om die Vryheidsmanifes te aanvaar.
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre manier bv. <b>toon geen of min begrip van hoe die Vryheidsmanifes 'n gevoel van nasieskap onder Suid-Afrikaners bevorder het nie.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie</li> </ul>	<b>Punte: 0–2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. <b>toon begrip van hoe die Vryheidsmanifes 'n gevoel van nasieskap onder Suid-Afrikaners bevorder het nie.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf</li> </ul>	<b>Punte: 3–5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>Demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die Vryheidsmanifes 'n gevoel van nasieskap onder Suid-Afrikaners bevorder het.</b></li> <li>• Bewyse hou deeglik verband met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief om 'n georganiseerde paragraaf te skryf</li> </ul>	<b>Punte: 6–8</b>

(8)  
[50]

**VRAAG 2: HOE HET DIE SESDAGOORLOG TUSSEN DIE JODE EN ARABIËRE DIE SPANNING IN DIE MIDDE-OOSTE GEDURENDE DIE 1960's VERERGER?**

2.1

2.1.1 *[Onttrek relevante bewyse uit Bron 2A – L1]*

- Israel het voortgegaan om sy gewapende magte op te bou deur voorraad by Brittanje, Frankryk, die VSA en Wes-Duitsland te koop
- Die Arabiese state is deur die USSR gehelp (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]*

**NIE SUKSESVOL NIE**

- Grensskermutseling het voortgeduur
- Al Fatah en die PBO was 'n voortdurende probleem vir Israelse magte (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]*

- Israel se begeerte om 'n eie tuisland te hê
- Konflik oor grondgebied (enige 1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *Interpretasie van bewyse uit 'n spotprent in Bron 2B – L2]*

- Israel is omring deur Arabiese militêre magte
- Arabiese bond is verenig in hul opposisie teen Israel
- Arabiese bond was kragtig, soos in die tenks gesien kan word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *Interpretasie van bewyse uit 'n spotprent in Bron 2B – L2]*

(a) Israel

- Swak – omdat dit geïsoleerd en alleen uitgebeeld word
- Broos – word papgedruk, deur Arabiese magte van die grond af opgetel (1 x 2) (2)

(b) Die Arabiese Bond

- Sterk
- Verenig (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie en evaluasie van inligting uit Bron 2C – L3]*

**BEVOORoorDEELD**

- Libanese spotprenttekenaar – aan die Arabiese Bond se kant
- (beeld Arabiese magte sterker uit as wat hulle in die werklikheid was en wys nie dat Israel ondersteuning van Westerse lande, veral die VSA, gehad het nie)

**NIE BEVOORoorDEELD NIE**

- Israel het op sy eie teen die Arabiese Bond geveg
- Geen ondersteuning van ander lande nie (1 x 3) (3)

2.3 *Interpreteer en evalueer inligting uit relevante Bronne – L3]*

- In Bron 2A word genoem dat groepe soos Fatah en die PBO 'n gedurige probleem was vir Israel en Nasser se voorbereiding om Israel te verslaan
- In Bron 2B beeld die spotprenttekenaar Israel uit as die een wat deur die Arabiese Bond aangeval word (2 x 2) (4)

2.4 *[Onttrek relevante bewyse uit Bron 2C – L1]*

- 2.4.1
- Israelse Mirage-stralers het 'n verrassingsaanval op Egiptiese lugmagbasisse geloods
  - Deur laag te vlieg en streng radiostilte te handhaaf, het hulle Egiptiese vliegvelde en vliegtuie vernietig (1 x 2) (2)

2.4.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 2C – L1]*

- Later daardie dag het nog 'n vlaag Israelse stralers die Jordaniëse, Siriese en Irakse lugmagte vernietig
- Alhoewel die oorlog skaars 'n dag oud was, was dit feitelik reeds verby
- Met die Egiptiese lugmag buite aksie, het die Israelse weermag die Sinaiwoestyn binnegedring
- Soos Egiptiese troepe teruggeval het, is hulle by die Mitlapas vasgevang, waar hulle deur Israeliese vliegtuie gebombardeer is
- Binne ses dae is Egiptiese troepe teruggedwing na die Suezkanaal.
- Elders het die Israeli's dieselfde uitstekende sukses behaal
- Die Wesoewer en Jerusalem is van Jordanië afgeneem
- Enige ander relevante antwoord (enige 3 x 1) (3)

2.4.3 *[Onttrek relevante bewyse uit Bron 2C – L1]*

- Aan die noordelike front het Israel Sirië se Golanhoogland beset
- Teen 10 Junie was die Arabiere verslaan en ontmoedig
- Vir Israel was die oorlog 'n skitterende sukses
- Hy het meer as 70 000 vierkante kilometer grond bekom en het nou verdedigbare grense gehad
- Op 'n negatiewe noot was daar egter ongeveer 350 000 nuwe vlugteling en Israel het die probleem gehad om oor nog 'n miljoen Arabiere te regeer
- Enige ander relevante antwoord (enige 4 x 1) (4)

2.5 *[Vergelyk inligting uit Bronne 2B en 2C - L2]*

- Bron 2B toon Israel in 'n swak posisie en verslaan deur die Arabiese Bond
- Bron 2C fokus op Israel se oorwinning oor die Arabiese state. (2 x 2) (4)

## 2.6

2.6.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D– L2]*

## (a) Sowjetunie

- Vereis die onttrekking van Israelse troepe (1 x 2) (2)

## (b) VSA

- Veto die aanneem van die Russiese resoluë
- Neem Resoluë 242 aan (1 x 2) (2)

2.6.2 *[Verduideliking van historiese konsepte uit Bron 2D – L2]*

- Beslissing
- Mosie
- Besluit (enige 1 x 2) (2)

2.6.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D– L2]***GROOT MATE**

- VSA was 'n permanente lid van die Veiligheidsraad van die VN
- Het die mag gehad om 'n besluit te veto
- Het die ondersteuning van Brittanje gehad (nog 'n lid van die VR met veto-mag)

(2 x 2)

(4)

2.7 *[Interpreteer en evalueer inligting uit relevante Bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:

- Israeli's vernietig Egipte, Jordanië en Sirië se lugmagte
- Egipte verloor 286 van sy 340 oorlogsvliegtuie
- Binne ses dae het die Israeli's die Arabiese gewapende magte vernietig en Arabiese grond in die Golanhoogland in besit geneem
- Israel het sy grondgebied uitgebrei
- Hulle het meer as 70000 vierkante kilometer grondgebied in besit geneem en het nou oor verdedigbare grense beskik
- Op 'n negatiewe noot was daar ongeveer 350 000 nuwe vlugteling en Israel het met die probleem gesit om oor nog 'n miljoen Arabiere te regeer
- Israel se bondgenote se steun het sterker geword
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre manier bv. <b>toon geen of min begrip of die Sesdaagse Oorlog beskou kan word as oorwinning vir die Jode.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie</li> </ul>	<b>Punte: 0–2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. <b>toon begrip of die Sesdaagse Oorlog beskou kan word as oorwinning vir die Jode.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf</li> </ul>	<b>Punte: 3–5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>Demonstreer 'n deeglike begrip of die Sesdaagse Oorlog beskou kan word as oorwinning vir die Jode.</b></li> <li>• Bewyse hou deeglik verband met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief om 'n georganiseerde paragraaf te skryf</li> </ul>	<b>Punte: 6–8</b>

(8)

**[50]**

**VRAAG 3: WATTER STRATEGIEË HET BEVRYDINGSORGANISASIES NA DIE 1950's TEEN DIE APARTHEIDSREGERING GEBRUIK?**

**3.1**

**3.1.1** *[Verduidelik historiese konsepte uit Bron 3A - V 2]*

(a)

- Niegewelddadige, doelbewuste weerstand deur die onderdruktes in Suid-Afrika, teen Apartheid gedurende die 1950's in Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

(b)

- 'n Niegewelddadige manier van weerstand as 'n beleid wat deur Gandhi bekendgestel is
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

**3.1.2** *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3A - V 1]*

- Geweldloosheid is gebruik soos die omstandighede vereis het
- Ek is 'n voorstander van geweldlose optogte so lank as wat dit effektief is (enige 1 x 2) (2)

**3.1.3** *[Eenvoudige interpretasie van Bron 3A - L 2]*

- Regering het toenemend onderdrukkend geword gedurende die geweldlose Verset Veldtog.
- Dit kon nooit die wit minderheidsregering oorwin wat tot alle koste hul mag wou behou nie
- Geweld is beskou as die enigste wapen wat apartheid kon vernietig (Enige 1 x 2) (2)

**3.1.4** *[Onttrek bewyse uit Bron 3A - L 1]*

- Geweld (1 x 1) (1)

**3.2**

**3.2.1** *[Interpreteer inligting uit Bron 3B - V 2]*

- Rol wat vroue gespeel het om apartheid teen te staan, 1956
- Eenheid van Suid-Afrikaanse vroue van alle rasse om apartheid teen te staan
- Suid-Afrikaanse vroue wat apartheid teenstaan deur middel van petisies in 1956
- 'n Vreedsame optog deur Suid-Afrikaanse vroue na die Uniegebou in 1956
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

**3.2.2** *[Interpreteer inligting uit Bron 3B - L 2]*

- JG Strijdom, as die Eerste Minister, was die hoogste gesag van die regering wat kon optree ten opsigte van die vroue se eise
- Om die ernstigheid van hul eise te toon, onderneem hulle 'n optog na die hoogste gesag van die regering
- Om hul eise as Suid-Afrikaanse vroue bekend te maak
- Om 'n bydrae te lewer tot die bevrydingstryd van Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpreteer inligting uit 3B - L 2]*

## (a) Nasionale Party-ondersteuners

- 'n Publisiteitsfoefie
- Nie 'n bedreiging omdat vroue se regte ondermyn is
- Enige ander relevante antwoord

## (b) ANC Vroueliga-ondersteuners

- As hul helde
- As leiers en belangrike lede van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie-beweging
- Om die eenheid van vroue van verskillende rasse groepe te wys
- As toegewyde en ware leiers vir die stryd vir mense regte
- Enige ander relevante antwoord

(2 x 2) (4)

## 3.3

3.3.1 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2C - V 2]*

- Om die Kommissaris in te lig oor die beplande optog van die PAC
- Om 'n beroep op die polisie te doen om nie die vreedsame optog te intimideer nie
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C - V 1]*

- Het 'n gedissiplineerde geweldlose veldtog beplan
- Hy het lede opdrag gegee om nie deur enigiemand tot geweld uitgelok te word nie
- Hy het 'n pleidooi tot die polisie gerig om ook optrede te vermy wat tot geweld aanleiding kon gee

(enige 2 x 1) (2)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C - V 1]*

- Grootgeword in rassistiese Suid-Afrika
- Voorstanders van wit heerskappy
- Nie beskou as wetstoepassers nie
- Gou om te skiet
- Haat swartes

(5 x 1) (5)

## 3.4

3.4.1 *[Interpreteer inligting uit Bron 2D - L 2]*

- Gebeure by die optog teen paswette in Sharpeville, 21 Maart 1960
- Polisie skiet op die betogers
- Ongewapende betogers teen paswette hardloop weg
- Polisiebrutaliteit
- Sobukwe se versoek dat polisie nie skiet nie, is geïgnoreer
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

3.4.2 *[Vergelyk interpretasies tussen Bron 2C en 2D - V 2]*

- Hulle is nie toegelaat om hul klagtes bekend te maak nie
- Daar is op hulle geskiet terwyl hulle ongewapen was (nie gewelddadig nie)
- Hulle is nie toegelaat om byeen te kom nie
- Hul fundamentele reg op lewe is geskend
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van interpretasies tussen Bron 2C en 2D - V 3]*

- Bron 3C fokus op die pleidooi vir geweldlose optrede deur die polisie tydens die beplande vreedsame optog terwyl Bron 3D wys hoe die optog gewelddadig word (die polisiebeamptes wat skiet)
- Bron 3C vra die polisie om te weerhou van optredes wat na geweld mag aanleiding gee maar Bron 3D wys hoe polisie geweld pleeg
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpreteer, ontleed en evalueer inligting uit Bron 1A, 1B en 1C -V3]*

Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:

- Geweldloosheid
- Petisies – vroue-optog
- Optogte – vroue in 1956
- Vertoë – Vryheidsmanifes
- Veldtogte-
  - Veldtog teen paswette
  - Versetveldtog
  - Onderwerp self aan arrestasie
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre manier bv. <b>toon geen of min begrip van die strategieë wat die bevrydings organisasies teen die apartheidsregering gedurende die 1950's gebruik het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie</li> </ul>	<b>Punte: 0–2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. <b>toon begrip van die strategieë wat die bevrydingsorganisasies teen die apartheidsregering gedurende die 1950's gebruik het.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf</li> </ul>	<b>Punte: 3–5</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>Demonstreer 'n deeglike begrip van die strategieë wat die bevrydings-organisasies teen die apartheidsregering gedurende die 1950's gebruik het.</b></li> <li>• Bewyse hou deeglik verband met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief om 'n georganiseerde paragraaf te skryf</li> </ul>	<b>Punte: 6–8</b>

(8)  
[50]

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: NASIONALISME – SUID-AFRIKA

- 4.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - L1]*

#### SINOPSIS

Kandidate moet die opgang van Afrikaner-nasionalisme in die 1930's bespreek deur die verskeie belangrike gebeurtenisse en faktore wat 'n oplewing in Afrikaner-nasionalisme. Die opgang van Afrikaner-nasionalisme moet gekontekstualiseer word – sosiaal, ekonomies en polities.

#### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hul antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hul argument verduidelik en noem hoe hulle die vraag gaan antwoord.

#### UITBREIDING

- **Agtergrond:** Afrikaner-nasionalisme het ontwikkel in die konteks van die Britse oorwinning in die Suid-Afrikaanse oorlog en die ervaring van Britse brutaliteit/konsentrasiekampe – die 'probleem' van arm, grondlose blankes was sedert die einde van die Suid-Afrikaanse Oorlog 'n probleem – 1924 Nasionalistiese regering kom aan bewind – regstellende aksie vir wit werkers het veral arm Afrikaners bevoordeel. Stigting van Afrikaner-unies gedurende die 1920's. Gedurende die 1930's se depressie was groot getalle wit Afrikaners werkloos en die gevoel van Afrikaner-nasionalisme het in konteks van die ekonomiese krisis gegroei.
- Die **Afrikaner Broederbond** was 'n geheime organisasie, gestig in 1918, wat aanvanklik in die Transvaal en die Vrystaat gesetel was. In 1934 het dr Malan en ander belangrike Afrikaner politieke leiers by Die Broederbond aangesluit. Lede van die Broederbond het spoedig belangrike posisies in politieke, kulturele, onderwys- en ekonomiese instellings beklee. Die Broederbond het 'n sterk ideologiese invloed op 'n groot gedeelte van die Afrikanervolk uitgeoefen. Dit het die politieke en ekonomiese bedrywighede van die Afrikanervolk beïnvloed
- In 1929 het die Broederbond die FAK (**Federasie Van Afrikaanse Kultuurverenigings**) gestig as openbare frontorganisasies. Dit was 'n sambreelorganisasie wat die werk van Afrikaner-kultuurgroepe gekoördineer en gelei het. Gedurende die 1930's het die FAK gegroei tot 'n invloedryke organisasie met ongeveer 300 geaffilieerde groepe. Kultuurliggame, jeug- en studente-organisasies, kerk- en opvoedkundige groepe het almal binne die FAK gefunksioneer. Komitees van die FAK het ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal gespeel.
- In 1938 het die FAK groot eeufeesvieringe vir die **Herdenking Van Die Groot Trek** georganiseer. Nege ossewaens, soos dié wat die Voortrekkers in 1838 gebruik het, het van Kaapstad na Pretoria gereis. Hulle het baie dorpe langs die roete besoek. In elke dorp was daar Feesvieringe met mense wat soos die Voortrekkers aangetrek het en strate wat na Voortrekkerleiers vernoem is. Die ossewatrek het geëindig met 'n massabyeenkoms van 100 000 mense naby Pretoria

waar die hoeksteen van die Voortrekkermonument op 16 Desember gelê is. Generaal J.C. Kemp het Robertshoogte (die militêre hoofkwartier in Pretoria) herdoop tot Voortrekkerhoogte. In 1998 is Voortrekkerhoogte herdoop tot Thaba Tshwane.

- Die ossewatrek van 1938 het baie bygedra tot die herlewing van Afrikaner-nasionalisme. Afrikanerleiers het in Bloemfontein bymekaar gekom en die **OssewaBrandwag (OB)** gestig. Kolonel CJ Laas was die eerste leier van die OB. Die OB was 'n kulturele organisasie wat baie gewild geraak het. Die OB het ontstaan met die volgende doelwitte: Bewaar die taal en tradisies van die Afrikaner. Laat die ideale van die Groot Trek voortleef. Bevorder patriotisme en nasionale trots onder Afrikaners. Die OB het hulle blywende vir 'n Christelik-nasionale staat. Lede van die OB het 'n verband gesien tussen Hitler se Herrenvolk (superrasse) en hul eie idees van blanke meerderwaardigheid. Later, gedurende die Tweede Wêreldoorlog, het die OB in 'n pro-Nazi organisasie ontwikkel.
- Dr. Kestell het die **Reddingsdaadbond (RDB)** in 1939 gestig om Afrikaner-armblanke op te hef en Afrikaner-besigheidsbelange te bevorder. Die hoofsaak van die RDB was om 'n "ekonomiese bewustheid" onder die massa Afrikaners te skep, sodat hulle banke, versekeringsmaatskappye, winkels en ander besighede in Afrikaner besit sou ondersteun. Handel- en Sekretariële skole is gestig om aan jong Afrikanerwerkers vaardighede te leer. Die RDB Werkverskaffingsburo is gestig om vir jong Afrikaners werk te vind by Afrikanermaatskappye.
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidaat moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat.

[50]

4.2 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasie vaardighede – L2]*

### SINOPSIS

Kandidate moet die opkoms van Afrikaner Nasionalisme evalueer deur te oorweeg of politieke kwessies 'n belangriker invloed op Afrikaner eenheid gehad het as kulturele kwessies.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hul argument verduidelik en noem hoe hulle die vraag gaan antwoord.

### UITBREIDING

- Agtergrond (Afrikaners se lyding gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899 – 1902))
- Definisie van die begrip 'Volk' in Suid-Afrika
- Volk en sy verwantskap met klas en ras
- Broederbond en Christelike Nasionale Onderwys
- Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging (FAK)
- Voortrekkers
- Eeufeesvieringe van die Groot Trek
- Ossewabrandwag
- Reddingsdaadbond
- Regstellende aksie vir die Afrikanervolk
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

**QUESTION 5: NATIONALISMS – AFRICA**

5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - L1]*

**SINOPSIS:**

Kandidate moet die verskillende faktore verduidelik wat tot Ghana se onafhanklikheid in 1957 gelei het van Britse koloniale beheer.

**HOOF ASPEKTE:**

- Inleiding: Kandidate moet die faktore aandui wat aanleiding gegee tot Ghana se onafhanklikheid in 1957.

**UITBREIDING:**

- Impak van Britse koloniale regering – het die aspirasies van die opgevoede elite geïgnoreer
  - Streeksnasionisme – Nasionale Kongres van Brits Wes-Afrika (NKBWA) (1920)
  - Werkersunies gedurende die 1920's
  - Ghana Kakaoboikot 1937 – 1938
  - Invloed van die Tweede Wêreldoorlog
  - Pan-Afrikanisme
  - Verenigde Goudkuskonvensie (VGKK) - 1946
  - Universele Verklaring van Menseregte – 1948
  - Nkrumah breek weg van VGKK en stig CPP (Convention People's Party)
  - Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

**[50]**

5.2 [Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede – L2]

### SINOPSIS

Kandidate moet bespreek tot watter mate Pan-Afrikanisme Ghana se onafhanklikheid in 1957 beïnvloed het.

### HOOFASPEKTE:

- Inleiding: Kandidate moet aandui wat Pan-Afrikanisme was en hoe dit in 1957 bygedra het tot Ghana se onafhanklikheid.

### UITBREIDING

- Die paar geleerdes wat in die buiteland studeer het – blootgestel aan (elite) Pan-Afrikanisme
- Invloed van bekende persoonlikhede van die Afrika-diaspora (Du Bois – het die geleerdes aangemoedig om bevrydingstryd te lei/ Garvey – het eenheid van alle Afrikane aangemoedig 'Afrika vir die Afrikane' en Padmore – Nkrumah se raadgewer)
- Die Vyfde Pan-Afrikakongres (1945)
- Pan-Afrikanisme as 'n beweging vir streekseenheid/integrasie
- Nkrumah se beroep op Afrika-eenheid en Pan-Afrikanisme kry byval (Nkrumah se idee van 'n Verenigde State van Afrika)
- Die Eerste Afrika Mensekonferensie (The First All-African People's Conference), Accra, 1958 – vir onafhanklike state en bevrydingsorganisasies. Die tweede in Tunisië in 1960. Die derde in Kaïro 1961).
- Twee streeks- Pan-Afrikanistiese organisasies: Pan-Afrika-vryheidsbeweging vir Oos, Sentraal en Suidelike Afrika (PAVBOSS) (*PAFMECSA*) en *Ressementement democratique africain* (RDA)
- Kandidate mag ander faktore bespreek wat dekolonisasie beïnvloed het bv. Die opkoms van die Afrika-werkersklas en die rol van Werkersunies gedurende die Tweede Wêreldoorlog wat beskou is as 'n bedreiging vir koloniale moondhede, die organisasie van Ghanese mense in 'n massabevrydingsbeweging onder Nkrumah
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting

[50]

**QUESTION 6: APARTHEID SOUTH AFRICA 1940s–1960s**

6.1 *Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede – L2]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet die metodes bespreek wat die weerstandsbewegings aangewend het om apartheid teen te staan. Hulle moet fokus op die verskillende strategieë wat die organisasies aangewend het om apartheid gedurende die 1950's teen te staan.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende punte in hul antwoord insluit

- Inleiding – Kandidate moet die verskillende metodes wat Suid-Afrikaners gebruik het om apartheid te weerstaan, aandui.

**UITBREIDING**

- In 1949 het ANCYL aangedring op 'n Program van Aksie
  - Hulle vra vir die massamobilisasie van Suid-Afrikaners om apartheid teen te staan
  - Alliansies was gestig om druk op die regering te plaas
  - Die regering het meer onderdrukkende wette uitgevaardig (Wet op afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers, Groepsgebiedewet, Wet op Onderdrukking van Kommunisme, Bantoe-owerhedewet)
  - In Junie 1952, het die ANC en Suid-Afrikaanse Indiërkongres 'n Dag van Verset om apartheidwette te verbreek, gereël
  - Swartmense is gevra om hul passe by die huis te laat, om deur 'Slegs Blankes'-ingange te loop en 'Slegs Blankes'-badkamers te beset
  - Die plan was om tronke oorvol te maak sodat die regering diskriminerende wetgewing kan afskaf
  - Suid-Afrika se apartheidstryd het internasionale ondersteuning gewen (Die VN het 'n kommissie aangestel om apartheid te ondersoek)
  - In 1954 die ANC, SAIK, 'South African Coloured People's Organisation' en die Kongres van Demokrate die Kongresalliansie gestig
  - Hulle het in 1955 in Kliptown byeengekom - Die Kongres van die Mense is gestig
  - Hulle het ingestem om die Vryheidsmanifes te aanvaar
  - In 1956 wou die Nasionale Party vroue forseer om passe te dra
  - FEDSAW en ANC Vroueliga het 'n veldtog teen die dra van passe begin
  - 20,000 vroue het 'n optog na Pretoria gehou om te protesteer teen die dra van passe
  - Vrouedag word op 9 Augustus herdenk
  - Die Cato Manor (1959)-weerstand naby Durban
  - Die Alexander Busboikotte
  - Die Kleinboer rebellie in Zeerust
  - Die biersaalboikotte in Natal
  - Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting.

**[50]**

## 6.2 *Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede – L2]*

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle met stelling saamstem of nie. Indien kandidate saamstem dat dit die regering se onderdrukking van die meerderheid Suid Afrikaners se politieke aspirasies die rede was, wat die aard van die interne weerstand verander het, moet hulle bewys daarvan lewer. Indien hulle nie met die standpunt saamstem nie, moet hulle bewys lewer van hul argument.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hul antwoord insluit.

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saam stem of nie en aandui hoe hulle hul standpunt gaan ondersteun.

### UITBREIDING

#### STEM SAAM

- Op 21 Maart 1960 het 'n skare by Sharpeville-polisiestrasie bymekaargekom om teen passe te betoog. (Die polisie het begin skiet, 69 mense het gesterf, 200 is gewond; Baie van die wat gesterf het, is in die rug geskiet)
- Die regering kondig 'n noodtoestand af (Die Wet op Onwettige organisasies is aanvaar; Die ANC en PAC word verban; Die ANC en PAC gaan ondergronds)
- Lede van beide organisasies het die land verlaat om hul werk in ballingskap voort te sit
- In hierdie konteks en in reaksie op die regering se verdrukking, begin die ANC en PAC met 'n wapenstryd
- Die ANC se gewapende vleuel staan bekend as Umkhonto we Sizwe (Spies van die Nasie)
- Die PAC se gewapende vleuel bekend as Poqo ('suiwer' of 'alleen' later APLA)
- Die regering aanvaar die Algemene Regswysigingswet van 1963 (Die polisie het nou die mag om mense vir 90 dae aan te hou sonder om hulle aan te kla; Aangehoudenenes het nie toegang tot 'n prokureur nie)
- Die Nasionale Vryheidsfront se gewapende vleuel was bekend as die 'Yu Chi Chan Club'
- Verdagtes wat onder die Negentig-dae-detensiewet aangehou is, is in afsondering aangehou (Verdagtes is gemartel)
- Die klopjag op Lilliesleaf Farm – lede van Umkhonto word arresteer (Sewentien Umkhonto-leiers is tronk toe gestuur in die Hoogverraad saak)
- Suid-Afrika word 'n polisiestaat
- Die ANC en PAC begin 'n wapenstryd en was ook verantwoordelik vir geweld (Om dade van terreur teen die staat uit te voer; Hulle teikens was ekonomiese, politieke en kommunikasie-infrastruktuur soos elektriese konstruksies; Umkhonto het probeer om lewensverliese te vermy; Aanvalle begin op 15 en 16 Desember 1961 in Port Elizabeth, Johannesburg en Durban; Die ANC wou die regering tot sy sinne bring voordat dit te laat was; Die ANC het beweer dat hulle 'n brugeroorlog wou vermy.; In 18 maande is meer as 200 aanvalle geloods; Lewens is verloor toe 'verraaiers' dood is.

- Poqo begin met 'n geweldadige sabotasieveldtog; Hulle het opsetlik blankes en swart polisiemanne en stamhoofde vermoor; Dit was 'n ondergrondse beweging gekant teen blankes; Hulle wou massaterreur onder blankes veroorsaak; Hulle aanvalle begin op 22 November 1962 – dit sluit in 'n polisiestasie, 'n tronk en winkels; 17 Opperhoofde en hoofmanne en 'n toeris is in die Oos-Kaap vermoor
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting

**Indien kandidate nie saamstem nie, moet hulle hul antwoord met relevante voorbeelde ondersteun [50]**

**TOTAAL: 150**